De Wet, FW
Noordwes-Universiteit

# Jesus Christus, die Gekruisigde, as oriëntasiepunt en hermeneutiese sleutel in die homiletiese proses

ABSTRACT

**The crucified Jesus Christ as point of orientation and hermeneutical key in the homiletic process**

In this article an argument is made out for reorientation regarding the integral part of the cross of Jesus Christ in an action theory for the homiletic process. The author reasons that a pneumatological interpretation of the Christological category will provide a hermeneutical key in the homiletic process to unlock the power and wisdom contained in the gospel of the crucified Christ. In the tension field of the homiletic process the preachers may frequently find themselves in a vulnerable position- struggling with their own reservedness in commitment to the gospel; fearful of not meeting the expectations of the listeners; trying to find a rhetorical style that will communicate credibility and convincingness. The author explores the implications of preachers' pneumatological integration of their life in the crucified Jesus Christ with respect to three important elements in the communicative tension field of the homiletic process: the relationship with the biblical text, the relationship with the listeners and the self presentation embedded in rhetorical style.

## 1. INLEIDING

In 'n homiletiese situasie waarin daar vrae ontstaan oor die geldigheid en effektiwiteit van die boodskap wat verkondig word en die gesagvolheid waarmee dit verkondig word, kom predikers onvermydelik onder die indruk van hulle eie kwesbaarheid en tree hulle in 'n kommunikatiewe spanningsveld.

Druk kan op die totale menswees van predikers geplaas word, wanneer kwynende lidmaatgetalle en polarisasie in 'n gemeente onder andere toegeskryf word aan kragtelose, irrelevante Woordbediening of prediking waarin op 'n onsensitiewe manier met komplekse vrae omgegaan word. Predikers kan twyfel of prediking van die evangelie nog 'n kragtige uitwerking kan hê in die huidige konteks en of dit nog aanvaarbaar is om geloofstellings oor die werking van God in mense en in die samelewing met oortuiging te verkondig (vgl. Pieterse, 2005:110).

Die uitwerking wat hierdie druk op die gees van predikers het, kan nie anders as om op 'n bepaalde manier gekanaliseer te word en tot uitdrukking te kom nie. Bosch (1979:77) wys op die tipiese maniere waarop mense geneig is om te reageer wanneer hulle onder druk geplaas word: “When we realize that Christians are weak, we usually react in one of two ways. I use my weakness as an excuse or I reject it and demand strength.”

In die konteks van prediking sou in selfverontskuldiging gereageer kon word deur daarop te wys dat suiwere Woordverkondiging weerstand en verwerping kan verwag. 'n Slaaf kan nie beter

behandeling as die Eienaar te wagte wees nie. Soos mense Jesus verwerp het, sal hulle sy getroue dienskneg ook verwerp. Daar kan ook gereageer word deur die weerstand wat beleef word op 'n fatalistiese manier as deel van die Christen se kruisdra te verklaar.

Die vraag is egter in hoe 'n mate die kruis in hierdie denke misbruik word en daar in vrugtelose selfmarteling verval word?

In hoe 'n mate word daar agter die kruis weggekruip sonder dat selfregverdiging en verborge motiewe van selfbehoud in en deur deelgenootskap aan die kruis van Christus deurbreek word?

Aan die ander kant kan daar vir die plek van die kruis (en die ontbloting van eie swakheid en magteloosheid wat daarmee gepaard gaan) in die dienswerk van predikers teruggedeins word. Deelgenootskap aan die kruis kan gerelativeer word en predikers kan daarop aandring om (in hullesef) sterk te wees. Sukses kan dan alleen behaal word wanneer predikers in eie krag, deur eie kreatiewe denke en deur eie kommunikatiewe vaardighede nuwe wêrelde vir die hoorders oopbreek. Geloof verkry dan vir predikers wat in hulleself sterk wil wees 'n kreatiewe funksie waardeur potensiële heil getransponeer moet word na effektiewe heil (vgl. Van Pelt, 1999:211).

In hierdie artikel word gepoog om 'n inleidende studie te doen oor die integrale plek van die kruis van Jesus Christus in die lewe en handelinge van predikers. Predikers is mense wat hhulle niks anders kan voorneem as om te praat oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die Gekruisigde nie (vgl. 1 Kor. 2:2). Weens die kruis-bepaaldheid van die boodskap sal daar ook 'n onmiskenbare patroon van kruis-bepaaldheid in die gestalte en handelinge van predikers na vore moet kom (vgl. Mondin, 1979:96). Die navorsingsvraag wat in hierdie studie ter sprake kom is die vraag na die manier waarop 'n heroriëntasie ten opsigte van die sentrale plek van die kruis van Jesus Christus nuwe moontlikhede kan ontsluit in 'n homiletiese spanningsveld wat in geslotenheid, kunsmatigheid en kragteloosheid vasgevang is.

Daar word handelingsteoreties (vgl. Heitink, 1999:4) gefokus op die impak wat inbegrepenheid by die kruis van Jesus Christus op die sleutelhandelinge van predikers in die homiletiese proses kan hê. Die studiegang word soos volg ingerig:

- Daar word begin met 'n heroriëntasie ten opsigte van die plek wat die kruis van Jesus Christus in die prakties-teologiese handelingsteorie inneem. Die noodsaak daarvan om die pneumatologiese denke (wat die afgelope dekades sterk na vore getree het as vertrekpunt in prakties-teologiese teorievorming) opnuut te oriënteer ten opsigte van en te anker in die kruis van Jesus Christus, word beredeneer. Daar word ook gepoog om aan te toon hoe die deelgenootskap aan die kruis van Jesus Christus as deurbraakpunt dien vir nuwe moontlikhede van lewe om paradoksaal (deur dood heen) ontsluit te word in die homiletiese situasie.
- In die tweede deel van die studie word daar teoretiserend gefokus op drie sleutelhandelinge waarin predikers tydens die homiletiese proses betrokke is, naamlik: predikers se verkenning van die Bybelse teks; die manier waarop die verhouding met die hoorders in prediking verwerk word en die gestalte van predikers wat in die retoriese inkleding van hulle preek na vore kom. Die sleutelvraag in hierdie deel van die studie is: Wat word deur 'n heroriëntasie ten opsigte van die plek van die kruis van Jesus Christus in hierdie onderskeie fases van die homiletiese proses ontsluit?

## 2. HERORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE PLEK VAN DIE KRUIS AS DEURBRAAKPUNT IN DIE LEWE EN HANDELINGE VAN DIE GELOWIGE

### 2.1 Inleidende teoretisering oor sentrale plek van die kruis van Jesus Christus in die openbaringsgeskiedenis

Holmén (2003:610) wys op die sentrale plek van die kruis van Jesus Christus in die Nuwe Testamentiese teologie: "The death of Jesus, was for the writers of the New Testament, the difficult

point which became *the* point; it was what made their mission a burden, but altogether, it was what their mission was all about." Uit Holmén se gedagtegang blyk dit dat hy hierdie sentrale plek van die kruis in Nuwe Testamentiese geskrifte toeskryf aan 'n poging deur die skrywers om die moeilike aard van die dood van Jesus te verwerk en die kruis as 'n interpretasiebasis te gebruik vir die lyding wat hulle in hulle eie lewe ondervind het: "It brought them hard times whether it meant their own need to understand God's plans or the difficult missionary situations" ( Holmén, 2003:607).

In 'n openbarings-historiese benadering (waarby die skrywer van hierdie artikel aansluiting vind) word die sentrale plek van die kruis in die Bybelse geskrifte nie verklaar vanuit 'n antroposentriese denkkonstruksie nie, maar as die middelpunt, deurbraakpunt en oriëntasiepunt wat deur God self bepaal word in sy skeppende, verlossende en voleindigende handelinge. Greidanus (1988:98) wys op die kenmerkende struktuur van die koninkryk van God soos dit in die openbaringsgeskiedenis ontplooi: "Given this biblical presentation of a universal kingdom history which begins with creation and ends, or rather finds a new beginning , with a new creation, we can say that a central, all-encompassing theme of Scripture is Creation-Fall-Redemption." Larsen (1989:168) wys op die eksegetiese en homiletiese implikasies van 'n openbaringshistoriese benadering met as sentrum Jesus Christus: "It is our privilege and joy to place the frame of Christ around the passage. God's purpose in Christ is creative, redemptive, providential, and eschatological, that is, he makes, saves, cares, and completes, and this is all in Jesus Christ. Christ is the critical issue" (vgl. Clowney, 2003:11).

Wat sou die rede wees waarom Jesus Christus, as Gekruisigde, so 'n sentrale plek in die Bybelse openbaringsgeskiedenis inneem? Moltmann (1974:204) beskou die kruis van Jesus Christus as 'n saamtrekpunt en ontknopingspunt vir Christelike teologie: "The death of Jesus on the cross is the centre of all Christian theology. It is not the only theme of theology, but it is in effect the entry to its problems and answers on earth. All Christian statements about God, about creation, about sin and death have their focal point in the crucified Christ. All Christian statements about history, about the church, about faith and sanctification, about the future and about hope stem from the crucified Christ."

Die hart van die boodskap van die kruis het te doen met die paradoksale manier waarop Jesus se kruisiging as deurbraakpunt funksioneer nie alleen vir individuele verlossing nie, maar ook vir kwaad-oorwinnende optrede deur die kerk in die wêreld: "The Crucifixion reveals the paradox of love- through powerlessness, the power of love came to light. Jesus' love overcomes all evil and makes it possible for us to withstand evil and triumph over it; to fight poverty, inhumanity and to expose individual and social injustices" (Vos, 2005: 320). Louw (2002:51) formuleer 'n nuwe paradigma vanuit die raamwerk van die teologie van die kruis: "God's omnipotent presence and power interpreted as vulnerable faithfulness and overwhelming pathos" (vgl. Louw, 2000:113).

Dit is nodig dat daar in teorievorming rekening gehou moet word met die omvattende aard van die verlossing wat aan die kruis van Jesus Christus bewerk is. Die mens se situasie waarin hy vasgevang is, is ver van eenvoudig af. In alle dimensies en sfere van sy bestaan is hy aan ellende onderworpe. Daarom is die kruis van Jesus volgens Morris (1965:209): "... complicated with all the complexity that the situation demanded." Nie alleen die regsdimensie van versoening op vertikale en horisontale vlak nie (2 Kor.5:18,19), maar ook die etiese dimensie van 'n nuwe lewensgerigtheid (Rom.6:6), die triomferende dimensie van oorwinning oor die Bose en die dood (Heb.2:14,15), die kosmologiese dimensie van vernuwing en voleindiging van die hele skepping (Op. 5), trek in die kruis van Jesus Christus saam en word daardeur ontsluit. Daar is geen aspek van menswees wat nie deur die kruis van Jesus Christus ontsluit en vrygemaak kan word nie.

Wanneer die sentrale plek van die kruis van Jesus Christus as allesomvattende deurbraakpunt gedefinieer word, sou dit noodsaaklik wees om die lyn van kontinuïteit tussen die kruis en die

opstanding van Jesus Christus altyd in die oog te hou. In die kruis word die oue afgesterf sodat daar ruimte kan wees vir die opstandingslewe om ontsluit te word en tot volle ontplooiing te kom. Die *theologiae crucis* kan nooit geïsoleer word van die *theologiae gloriae* waarop dit uitloop nie. Indien die deurbraakpunt van die kruis losgemaak word van die voleindingspunt van oorvloedige lewe, kan ’n geïsoleerde beskouing van die kruis aanleiding gee tot skeefgetrekte denke (vgl. Klappert, 1979:68). Resner(1999:146) skryf in hierdie verband: “What needs to die in Christendom, then is not the theology of the cross, but masochistic manifestations of a misinterpreted and mishandled cross.” Die teologie van die kruis kan misbruik word om vrugtelose en vreugdelose praktyke soos selfbejammering, self-marteling en ’n bitter, fatalistiese ingesteldheid teenoor die lewe te regverdig. Dan funksioneer die kruis inperkend eerder as ontsluitend en deurbrekend.

**2.2 Deelgenootskap aan die kruis van Jesus Christus**

Vir teorievorming ten opsigte van die plek en funksie van die boodskap van die gekruisigde Christus in die handelingspraksis van die kerk sou dit nodig wees om uitdruklik aandag te gee aan die manier waarop die gelowige deel het aan die kruis van Christus en die manier waarop die kruis die handelingsprofiel van die gelowige ontsluit, vorm en rig.

Die kruis van Jesus Christus is nie ’n vreemde element wat – op ’n manier wat geen raakpunt met die problematiek waarin ons eksistensie verwikkel is – van buite af in ons ervaringswêreld indaal nie. Die kruis van Jesus Christus dring deur tot by die wortels van dit wat hierdie wêreld ’n gebroke wêreld maak; ’n wêreld wat gekenmerk word deur vyandskap, vervreemding en dood; ’n wêreld waarin manipulerende kragte soos vrees en pyn aan die werk is; ’n wêreld waarin die waarheid oor die eie gesindheid en oorweginge deur selfmisleiding verberg word.

Vanuit sy vertrekpunt in die bewussynstruktuur (“Structure of consciousness”) van gelowiges wat intuïtief ’n verbinding trek tussen dit wat hulle in hulle eie lewe ervaar en dit wat hulle in die verhaal van God-met-ons sien, maak Buttrick (19994:20) die volgende opmerking: “...Above all, we Christian types explore the figure of Christ crucified with the sudden realization that all of us, like Nietzsche’s ‘ugliest man’, are God-killers, as well as startled recipients of amazing free grace. Paul is quite right; we no longer know Christ in a human way, for now he has become a symbol disclosing who God-for-us is and who we are before God.” Gelowiges sien dus in die gekruisigde Jesus iets wat hulle bewus maak van die hart van die bestaansnood waarmee hulle in hulle ervaringswêreld te doen het.

Holmén (2003:612) onderskei drie kategorieë waarvolgens die interpretasie van die dood van Jesus Christus in die Nuwe Testament ingedeel kan word:

- ’n Soteriologiese interpretasie-kategorie (versoening met God; vrykoping uit die slawerny van sonde en die dood);
- ’n Interpretasie-kategorie wat op identifikasie berus (Jesus as die nuwe Adam, die hoof van ’n nuwe mensheid; Jesus as Hoëpriester wat volkome medelye met ons swakhede kan hê);
- ’n Interpretasie-kategorie wat dui op die gelowiges se deelgenootskap aan die lyding en dood van Jesus: Christene sterf saam met Christus en staan saam met Hom uit die dood op; hulle word kragtens die feit dat hulle aan Hom behoort, as hulle Eienaar, deelgenote in sy lyding. Slawe kan nie beter behandeling as hulle Eienaar verwag nie)

Die verskillende dimensies wat in hierdie interpretasiekategorieë na vore kom, maak dit duidelik dat die kruisdood van Christus volgens die Nuwe-Testamentiese skrywers nie in isolasie van die lewe van die gelowiges en die patroon waarin hulle handelinge gegiet word, funksioneer nie. Floor (1982:90) wys op die twee kenmerkende formules in die geskrifte van Paulus waarin die inbegrepenheid van die gelowige by Christus tot uitdrukking gebring word naamlik “Ons in Christus” en “Christus in ons”:

- Met die uitdrukking "ons in Christus" wys Paulus daarop dat ons ten nouste betrokke is by wat met Christus gebeur het. Ons is daarin begrepe. Geloof in Christus behels nie alleen 'n sekere wete dat die Seun van God werklik in die vlees gekom het, gekruisig is en uit die dood opgestaan het nie. Die geloof in Christus hou volgens die verkondiging van Paulus ook in dat wat met Christus gebeur het, ook met ons gebeur het, sodat – toe Hy aan die kruis gesterf het – ons in Hom en saam met Hom gesterf het. Toe Hy opgewek is, is ons ook saam met Hom opgewek. En toe Hy aan die regterhand van God gaan sit het, het ons in Hom aan die regterhand van God gaan sit. So is ons lewe saam met Hom verborge in God en sal dit ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word;
- Met die uitdrukking "Christus in ons" word volgens Floor 'n pneumatologiese formule gebruik waarin die inwoning van die Gees van Christus in die harte van gelowiges beklemtoon word. Die Gees van Christus bepaal die gesindheid en gerigtheid waarmee geleef word. Die Christologiese kategorie het daarom nie alleen openbaringshistoriese betekenis nie, maar ook heilsordelike implikasies.

Hierdie Pauliniese perspektiewe op inbegrepenheid van die gelowige by Christus, is van wesenlike belang vir reoriënterende teorievorming oor die integrale plek van die boodskap van die kruis in 'n handelingsteorie vir Praktiese Teologie. In post-Barthiaanse prakties-teologiese denke word die pneumatologiese kategorie (hoe die mens onder leiding van die Gees die heil in sy lewe toepas en ervaar) en die antroposentriese kategorie (hoe die mens in staat gestel word en vrygemaak word om kreatief en innoverend te handel) as vertrekpunt gebruik teenoor die suiwer kerugmaties-Christologiese kategorie (waarin die fokus geplaas word op wat God vir ons in Christus doen). Dit is veral Van Ruler wat daarop gewys het hoe 'n objektiewe denkkategorie oor die kruisiging en opstanding van Christus, nie die nodige onderbou bied vir 'n verbinding van die gelowige se lewe en handelinge met die aktiwiteit van God nie. Die Christologiese kategorie word eensydig geassosieer met die God-in-Christus verhouding terwyl die Christus-in-ons en ons-in-Christus verhouding nie pneumatologies verantwoord word nie (vgl. Van Ruler, 1969:176). Hoewel dit van kardinale belang is om prakties-teologiese denke pneumatologies te verantwoord, sou dit net so belangrik wees om die denke te heroriënteer ten opsigte van die Christologiese kategorie as ankerpunt van 'n pneumatologiese benadering. Sonder verankering in die Christologiese kategorie, sou Pneumatologie nie sy bron vir kragtige handelinge in die deurbraakpunt van die kruis van Christus vind nie (vgl. Louw, 2000:102). Eers wanneer die harde kors van verlorenheid en die leuen van selfgenoegsaamheid deurbreek is, kan die gelowige vervul word met lewe en kan strome van lewende water uit sy binneste vloei. In 'n pneumatologie wat losgemaak word van Christus (en Hom as Gekruisigde) is dit nie meer Christus wat in my lewe nie, maar ek wat in my lewe (De Wet, 2005:512; vgl. Tolmie, 2003:167).

In 'n poging om van beide objektivisme (wat God in die verlede in Christus gedoen het) en relativisme (wat ons moet doen om Christus volgens die eis van ons omstandighede te laat leef) te ontkom, ontwikkel Chan (2001:261) 'n hermeneutiese benadering waarin Christologie in 'n konteks van tradisie, ervaring en eskatologie geplaas word: "We have proposed that Christology be done from within and from ahead, meaning that any formulation of belief concerning Christ is necessarily rooted in tradition and experience, and takes place within a proleptic eschatological fulfilment brought about by the resurrection of Christ". Wanneer die gekruisigde en opgestane Jesus Christus die Alfa en Omega van pneumatologiese denke vorm, word die handelingspraksis van die gelowige in sy ervaringswêreld geanker in die onvermydelikheid daarvan om 'n sterfproses deur te gaan, sodat die lewe in die volle opstandingsoorvloed daarvan kan deurbreek en op eskatologiese vervulling kan uitloop. Dieselfde paradoksale patroon wat in die lewe en handelinge van Jesus Christus na vore gekom het, sal in die ervaringswêreld en handelingspatrone van die

gelowige gesien word. Bosch (1979:79) stel dit soos volg: "Just as, in Jesus, the paradoxes of heavenly glory and the cross coexist, the paradoxes of power and weakness and of life and death coexist in the ministry and faith of the apostles. This enables Paul to say to the Corinthians, 'For when I am weak, then I am strong' (12:10), an expression which Ernst Fuchs rightly refers to as 'the most famous paradox in the entire New Testament.'" Eers as die handelinge in eie krag (wat op niks standhoudend kan uitloop nie) deurbreek word en die eie onderliggende swakheid ontbloot word, kan die krag van God deurbreek en sy doel met die lewe van die gelowige tot volkomenheid gebring word. Die evangelie van die gekruisigde Christus bied dus 'n hermeneutiese sleutel waardeur handelingsmoontlikhede in die lewe van gelowiges ontsluit word en waardeur 'n oriënteringspunt gebied word vir die manier waarop die gelowige se lewe ontplooi in sy ervaringswêreld.

Stott (1986:280) wys daarop hoe al die aspekte wat 'n invloed op die mens kan hê in sy ervaringswêreld en sy status, gesindheid, handelingsmoontlikhede en bestemming kan bepaal, wesenlik en organies geïntegreer word in deelgenootskap aan die gekruisigde Jesus Christus:

- Deelgenootskap aan die kruis van Jesus Christus het 'n bepalende invloed op die regstatus van die gelowige. Deur Christus se kruisdood het Hy die skuld van sonde gedra en aan diegene wat vrygespreek word die regstatus gegee van mense oor wie die sonde en die korrupterende gevolge daarvan geen veroordelende aanspraak meer het nie. Deur saam met Jesus Christus uit die dood op te staan, word die gelowiges deelgenote in 'n nuwe lewensruimte /regsfeer van vryheid. Hulle verkeer in die invloedsfeer van die wetmatigheid van die nuwe skepping van God. Hulle verkeer in 'n ruimte waarin die lewe vry is om te ontplooi en te floreer (vgl. Rom.6:1-14);
- Deelgenootskap aan die kruis van Jesus Christus bepaal die patroon waarvolgens die gelowiges hulle lewe sal inrig op die pad van heiligmaking. Die gelowiges sal in hulle daaglikse lewe, in die keuses wat hulle uitoefen, in die gesindheid wat hulle gedrag bepaal, hulleself verloën, hulle kruis met blymoedigheid opneem en die ou sondige natuur bewustelik onder leiding van die Gees van Christus kruisig;
- Deelgenootskap aan die kruis van Jesus Christus laat gelowiges deur nuwe oë na die fisies-materiële dimensie van hulle bestaan kyk: Die broosheid en mortaliteit van die liggaamlike bestaan en die blootstelling daarvan aan lyding word gesien as die dra van die dood van Jesus in die liggaamlike bestaan, met die oog daarop dat sy lewe ook in ons liggame tot openbaring gebring kan word (vgl. 2 Kor. 4:9-10). 'n Gebroke materiële bestaan skep ruimte vir die opstandingsbestaan om al hoe kragtiger na vore te tree.

### 2.3 Handelingsteoretiese merkers vir die plek van Jesus Christus, die Gekruisigde in die lewe en handelinge van predikers

Na die verkenning ten opsigte van die sentrale plek van die kruis van Jesus Christus in die lewe en handelinge van die gelowige, kan die volgende handelingsteoretiese merkers geïdentifiseer word vir heroriënterende besinning rondom predikers se deelname aan die homiletiese proses:

- Die hart van die boodskap van die gekruisigde Jesus Christus bestaan in die paradoksale manier waarop daar deur dood heen nuwe lewensmoontlikhede oopgebreek word.
- Daar is geen aspek van mens-wees wat nie deur geloof in die gekruisigde Jesus Christus ontsluit en vrygemaak kan word nie.
- Wanneer daar versuim word om die kruisiging van Jesus Christus in verbinding met sy opstanding uit die dood te bring, word die gevaar geloop om in 'n denkwêreld te verval waarin die kruis inperkend, eerder as ontsluitend, funksioneer.
- Wanneer die Christologiese kategorie (as oriëntasiepunt vir prakties-teologiese denke) nie pneumatologies verantwoord word nie, word die plek van die kruis in die lewe van die

gelowige beperk tot dit wat God in die verlede in Christus gedoen het. Onder leiding van die Gees van Christus sien gelowiges hoe hulle eie lewens oopgebuig word in nuwe handelingsmoontlikhede kragtens hulle deelgenootskap aan die kruis van Jesus.

- Die evangelie van die gekruisigde Christus bied ’n hermeneutiese sleutel waardeur handelingsmoontlikhede in die lewe van gelowiges ontsluit word en waardeur ’n oriënteringspunt gebied word vir die manier waarop gelowiges se lewens ontplooi en tot voleinding kom.

Met hierdie handelingsteoretiese merkers as vertrekpunt kan daar nou daartoe oorgegaan word om te besin oor die implikasies wat hieruit voortvloei vir predikers se deelname aan die homiletiese proses.

## 3. ORIËNTERING VAN SLEUTELELEMENTE IN DIE HOMILETIESE PROSES TEN OPSIGTE VAN PREDIKERS SE INBEGREPENHEID IN DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS, DIE GEKRUISIGDE

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofpunt word handelingsteoreties gekonsentreer op die handelinge van predikers in die homiletiese proses en die manier waarop predikers se inbegrepenheid by en die integrasie van hulle bestaan in die gekruisigde en opgestane Jesus Christus sleutelelemente in die homiletiese proses bepaal en ontsluit. Daar word met ander woorde gekonsentreer op die impak wat dit op die homiletiese proses het wanneer die inbegrepenheid by die evangelie van die gekruisigde Christus as oriëntasiepunt en hermeneutiese sleutel dien.

In die hart van die homiletiese proses staan die kommunikatiewe driehoekverhouding tussen teks, prediker en hoorder. ’n Aanvanklike verkenning van die kommunikatiewe verhoudings wat in die homiletiese proses ter sprake kom en die dinamika daaraan verbonde, toon ’n interaktiewe en komplekse aard. In die tradisioneel gereformeerde homiletiese benadering word gewerk met die vertrekpunt dat God deur die werking van die Heilige Gees aan die woord kom in die teks van ’n Skrifgedeelte (Pieterse, 2005:111). Alhoewel die Bybelse teks oorspronklik in ’n bepaalde konteks neergeskryf is, word alles wat die kontemporêre hoorders nodig het om te weet in hulle konteks in volle krag en waarheid deur die werking van die Heilige Gees gekommunikeer. Vanuit die twee ander punte van die kommunikatiewe driehoek het predikers ’n bepaalde voorverstaan van die teks (en die manier waarop God daarin aan die woord kom) en het die hoorder ook ’n positiewe of negatiewe gekleurde verhouding met die teks vanuit eie omgang met die Skrif, die manier waarop vorige preke uit hierdie teksgedeelte die verstaan beïnvloed het en eie lewensingesteldheid teenoor God en sy Woord. Ook tussen hoorder en prediker kan ’n interaktiewe kommunikatiewe lyn getrek word. Predikers staan in mindere of meerdere mate in ’n intensiewe verhouding met die hoorders en dit bepaal die intensiteit en reikwydte van die manier waarmee die boodskap aan hulle geformuleer word. Net so het hoorders ’n bepaalde persepsie van predikers wat in mindere of meerdere mate deur ’n wêreldse of geestelike beoordelingsraamwerk bepaal word ( vgl. Stark, 2005: 205).

In hierdie artikel val die kollig op die persoon van predikers en hulle oorweginge en handelinge in die kommunikatiewe proses in verhouding met teks en hoorder. In die kommunikatiewe proses behoort predikers hulleself bewustelik te verantwoord ten opsigte van hulle eie bevooroordeeldheid en die geslotenheid/openheid van hulle eie lewe teenoor die teks en die hoorder. Predikers behoort ook in die kommunikatiewe oordragproses tydens die lewering van die preek hulleself te verantwoord ten opsigte van die retoriese styl waarin die preek ingeklee word. Hoe word verseker dat die oorredingsvermoë en oortuigingskrag waarmee geredeneer word nie op manipulering berus nie, maar die bevrydende waarheid van die evangelie bedien?

Een van die belangrikste kenmerke van die kommunikatiewe verhouding waarin die prediker met teks en hoorder staan, is dat dit in ’n spanningveld voltrek word. Douma(2000:216) wys op die spanningveld wat ontstaan weens die merkwaardige bipolariteit waardeur die lewe van die predikante gekenmerk word: Enersyds is hulle ’n mens van vlees en bloed, wat onmag en onwaardigheid ervaar, in die lig van die taak waartoe hulle geroep is. Hulle besef die beperktheid van eie insig, die eie natuurlike onwilligheid om voluit vir God te lewe en die eie onwaardig om die Woord van God te spreek. Andersyds is hulle mense wat deur die vlam van die Woord geraak is en deur wie die Gees van God waai. Die Gees getuig van iets groter as die prediker se eie swakheid. Hierdie spanning tussen vlees en Gees, tussen God-se-Woord en mensewoord, bring ’n voortdurende stryd mee in predikers: In gebed en ootmoed beweeg hulle deur aanvegtinge heen tot vrymoedigheid. Hulle leer hulle lewe lank die geheimenis dat God se krag in swakheid volbring word.

Ook ten opsigte van die kommunikatiewe verhouding met die hoorders verkeer die prediker in ’n spanningveld. Die prediker besef dat die hoorders met bepaalde verwagtinge na die preek luister en met bepaalde kriteria die geloofwaardigheid van die boodskap en prediker beoordeel. Dit bring spanning wanneer predikers ’n boodskap moet bring wat teen die natuurlike verwagtinge van die hoorders ingaan; ’n boodskap wat nie *kata sarka* (volgens vleeslike kriteria*)* nie, maar alleen *kata stauron* (volgens die kruis*)* beoordeel kan word (vgl. Resner, 1999:4).

Ten opsigte van die gestalte van predikers – soos dit in hulle homiletiese houding en retoriese styl beliggaam word – word daar ook ’n spanningveld betree. Die kruisgestalte waarin die evangelie ingeklee is, roep om ’n homiletiese inkleding waarin die kenmerkende kruisvorm sigbaar word in die gestalte van die prediker. Dit vra geloof om die imposantheid van die eie gestalte as bron van oortuigingskrag te versaak.

Daar word in die bespreking nou onderskeidelik aandag gegee aan die manier waarop predikers ten opsigte van die teks, ten opsigte van die hoorder en ten opsigte van die retoriese inkleding van hulle gelewerde preek sal handel, wanneer die evangelie van die gekruisigde Christus as oriëntasiepunt en hermeneutiese sleutel vir die homiletiese denke dien.

**3.2 Predikers in die kommunikatiewe spanningveld van die verhouding met die Bybelse teks**

Douma (2000:291) wys daarop dat die preekproses ’n komplekse gebeure vorm waarin tallose faktore ’n rol speel. Hy wys op die basiese fases van resepsie, produksie en oordrag in die homiletiese proses, en beklemtoon die belang daarvan om in elkeen van hierdie fases sowel reflektief as meditatief besig te wees. In die reflektiewe dimensie is predikers denkend, ontledend, strukturerend en argumenterend besig. In die meditatiewe dimensie gaan dit daarom om biddend, ontvanklik, opmerksaam en persoonlik betrokke te wees by die preekwerk. Wanneer die meditatiewe dimensie ontbreek, word die preekproses afstandelik en abstrak. Wanneer die reflektiewe dimensie ontbreek, word die preekproses onkrities en intuïtief.

Wanneer predikers in die aanvanklike fase van die preekproses reseptief besig is met die Bybelse teks, sou hulle nie alleen reflektief die teks analiseer en die strukture daarin nagaan nie, maar ook meditatief die teks toeëien en in die eie lewe integreer (vgl. Meyer zu Uptrup, 1986: 24).

Wie reflekteer en mediteer oor die grondstruktuur van die evangelie wat in prediking teenwoordig behoort wees, sou nie anders kon nie as om kennis te neem van Paulus se woorde: “Ons verkondig Christus en Hom as Gekruisigde” (1 Kor.1:23). In die refleksie rondom ’n bepaalde Skrifgedeelte sal predikers die struktuur van hulle gedagteontwikkeling altyd giet in die vorm van hierdie grondstelling oor die verkondiging van die Christelike boodskap. Meditatief sal die strukture in die eie lewe altyd in verbinding gebring word en georiënteer word ten opsigte van die struktuur van die evangelie van die Gekruisigde. In die oorspronklike taal word die woord

“Gekruisigde” as ’n *perfektum partisipium* ingeklee. Die implikasie van hierdie tydvorm is dat Paulus die durende implikasies van die kruisiging van Christus wil beklemtoon (vgl. Morris, 1965:218). Die durende werking van die kruisiging van Christus kom na vore in paradoks op paradoks. Een na die ander golf kring uit vanuit die episentrum van die verkondiging van die gekruisigde Christus waarin menslike denksisteme wat die gestalte van wysheid en krag gehad het as dwaasheid en swakheid ontbloot word (1 Kor. 1:22-23; Buttrick, 1987: 245). Moltmann (1974: 69) wys daarop hoe die boodskap van die kruis as kritiese, polemiese, dialektiese, antitetiese boodskap met die dwaasheid en swakheid daarvan lynreg teenoor die gewaande krag en wysheid van die mens te staan kom. Mense is van nature uit op die beskerming van eie belange. Hulle verkeer in ’n magsiklus van kompulsiewe selfregverdiging, wil domineer deur selfassertiewe gedrag en verkeer onder die illusie van selfvergoddeliking. Daarom is die teologie van die kruis nodig as kruisigende en – daarmee saam – bevrydende teologie. Hierdie perspektief bied aan predikers altyd weer ’n kritiese fokus waarin daar op ’n waarheidontblotende manier gereflekteer word oor die valse bronne van selfhandhawing en kragte van selfmisleiding in hulle eie lewe en in die lewe van die hoorders (vgl. Mondin, 1979:96).

Dit wat na swakheid lyk (niks kan oënskynlik deur die verwerping en dood van ’n gekruisigde tot stand gebring word nie), is die krag waardeur God in sy liefde vryspraak en verlossing bewerk. Hierdie perspektief stel predikers telkens voor die verrassende manier waarop God dit waarmee hulle en die hoorders week na week in die hart van hulle bestaan bedreig word, verlossend deurbreek. Sonder selfverloëning en afsterwe van geslote sisteme in die persoon van die prediker – sisteme waarin selfhandhawing, selfregverdiging en selfgelding intak gehou word – bly predikers geslote vir die integrasie van die teks in hulle eie lewe. Die dwaasheid van die boodskap bly vir hulle dwaasheid en swakheid en dit kan nie die krag en wysheid van God word in hulle lewe nie. Alleen wanneer dieselfde patroon wat verteenwoordigend is van die hart van die Bybelse boodskap, in die hart van die prediker oopbreek, kan die teks begin leef in die lewe van die prediker. Alleen wanneer die kruis gestalte aanneem in die lewe van predikers, kan hulle eie swakheid besef word. Dan alleen kan die gordyne van geslotenheid en selfgenoegsaamheid weggetrek word, sodat die kragtige daglig van God se genade onbevange kan instroom.

### 3.3 Predikers in die kommunikatiewe spanningveld in die verhouding met die hoorder

In die kommunikatiewe verhouding met die hoorder betree predikers ’n spanningveld waarin die natuurlike neiging om die eie lewe te beskerm en “nie te betrokke by ander te raak nie”, te staan kom teenoor hulle roeping om die lewe as ’n offer in diens van die hoorders uit te giet.

In homiletiese teorievorming word die noodsaak daarvan dat predikers die ervaringswêreld van die hoorder betree, dikwels beklemtoon (Vos, 1995:289; Hogan, 2005:103; Dingemans, 1991:12). Die wêreld waarin eietydse mense dink, ervaar en glo, het ’n wêreld geraak wat in ’n onvoorstelbare kompleksiteit en onpeilbaarheid verwikkel geraak het – ’n plek waarin mense in konstante gevaar van vervreemding en angs verkeer. Predikers kan eenvoudig nie in hulle eie veilige denkwêreld bly en van ’n afstand af die hoorders se pyn en verwarring waarneem nie. Om die hoorder se ervaringswêreld te betree, beteken om in hulle skoene te gaan staan en deur hulle oë na die lewe te kyk; om gemeenskap te kry aan die pyn wat deur hulle ervaar word.

Kragtens die bepaaldheid deur die boodskap van die kruis wat verkondig word, sou die dimensie van betrokkenheid by die hoorders en hulle ervaringswêreld ’n gestalte aanneem waarin alle terughoudendheid en kunsmatigheid deurbreek word. Jesus Christus het sy lewe ten volle (sonder enige terughoudendheid) uitgegiet sodat ’n onbevange stroom van lewe kan vloei vir diegene wat in Hom glo. Kragtens inbegrepenheid by Christus sal predikers vry wees om hulle hele wese uit te giet sodat niks die hoorders verhinder om die volle rykdom van die Woord te ontvang nie. Predikers sal bereid wees om hulle eie lewe te verloor omdat hulle weet dat die uitgiet

van hulle lewe op oorvloedige lewe vir die hoorders uitloop (2 Kor. 4:12; vgl. 12:15). Die verhouding met die hoorders word vrygemaak van ’n kunsmatige skynbetrokkenheid. Predikers bring alles wat oor die lewenspad kom in ’n organiese verbintenis met die voordeel wat dit vir die hoorders kan meebring. Predikers sien in die geloof hoe dit wat op hulle pad kom, presies korrespondeer met dit wat die hoorders in hulle lewe nodig het: “As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle gehelp en gered kan word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk sodat julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur” (2 Kor. 1:6).

Verbondenheid aan die kruis van Jesus Christus is nie alleen bepalend vir die mate waarin predikers bereid is om betrokke te wees by hulle hoorders nie. Verbondenheid aan die kruis van Jesus Christus is ook die hermeneutiese sleutel wat ’n gemeenskaplike verstaan van Christelike identiteit, ’n gemeenskaplike interpretasieraamwerk vir die ervaringswêreld en gemeenskaplike kriteria vir die beoordeling van dit wat waarde in die lewe het, vir predikers en hoorders ontsluit:

- Die hart van Christelike identiteit word deur sowel predikers as hoorders verstaan as die gee van eie lewe in diens van God (vgl. Rom. 12:1);
- Omdat ’n gemeenskaplike interpretasieraamwerk vir die ervaringswêreld in die kruis gevind word, hoef predikers nie (uit vrees om aanstoot te gee) te verval in ’n ongevaarlike betoog waarin niks gebeur en waarin nie geworstel word nie. Die werklikheid van ’n in-sonde-verlore toestand kan in die volle waarheid daarvan ontbloot word. Dit hoef nie weggesteek te word asof daar geen manier is om die houvas daarvan op ons bestaan te breek nie. Ook aanvegtinge, die worsteling waartoe dit aanleiding gee en die manier waarop God dit op die pad van deur lyding heen tot heerlikheid ten goede laat meewerk, kan ten volle verken word (Douma, 2000:217). Müller (2002:208) pleit vir die ontwikkeling van ’n *hermeneutica crucis* waarin die Gebroke Een in die teks gesien word en opgelig word in ons preke – ’n handeling waardeur alle mense, ook diegene wat onreg ly, na Hom getrek word;
- Geestelike beoordelingskriteria wat die hoorders in gemeen het met predikers, maak dit vir hulle moontlikheid om die boodskap van Jesus, die Gekruisigde, met vrymoedigheid te bring. Hierdie boodskap sou as dwaasheid ervaar word, indien gebruik gemaak sou word van uiterlike beoordelingskriteria. Geestelike dinge kan alleen verklaar word aan mense wat die Gees het (1 Kor. 2:13).

Spanning word in die kommunikatiewe ruimte van die verhouding met die hoorders veroorsaak, wanneer predikers vermoed dat die hoorders die hart van hulle Christelike identiteit nie anker in die Gekruisigde Jesus nie. Die hoorders se denkraamwerk kan bepaal word deur ’n teologie van kitsverheerliking waarin triomf sonder die voorafgaande stryd beklemtoon word. In hierdie suksesgedrewe benadering word die kwaliteit van predikers en die resultate van hulle prediking gemeet aan die getal hoorders wat gelok kan word; aan die vermoë om mense tot hoë hoogtes te inspireer (Resner, 1999:155; vgl. Louw, 2000:157). Predikers wat getrou wil bly aan die evangelie van die gekruisigde Jesus sou ’n lang pad moet loop om hoorders se verwagtinge ten opsigte van dit wat ’n Christelike prediker geloofwaardig maak, te verander. Dit sou nodig wees om aan te toon hoe heerlikheid en oorwinning in die volle rykdom daarvan eers ontsluit kan word wanneer ou kriteria vir beoordeling van wat die lewe die moeite werd maak, by die kruis afgesterf word. Sonder verankering in die kruis van Christus sou ’n teologie van verheerliking niks anders as ’n goue verflagie oor ’n geroeste blik wees nie (vgl. Buttrick, 1987:246). Die boodskap van die kruis word nie deur predikers verkondig om beheer oor lidmate te verkry nie, maar is eerder daarop gerig om mense te bekragtig met die krag van die lewe wat deur die kruis van Jesus Christus ontsluit word (Polaski, 1999:35).

### 3.4 Die gestalte van predikers in die retoriese spanningveld

In ’n situasie waarin predikers te doen kry met ’n kritiese houding by die hoorders rakende die manier word die boodskap ingeklee word, word daar onvermydelik ’n spanningveld betree. Prediker besef dat hulle onder druk verkeer om ’n dimensie van oorreding in te bou in die retoriese styl waarvolgens die prediking ingerig word (vgl. Kruger & Venter, 2006:55). Predikers besef dat wanneer daar eers twyfel in die harte van hoorders gesaai is oor hulle geloofwaardigheid en die manier waarop die boodskap deur hulle ingeklee word en daar na ’n meer lewenskragtige en “suksesvolle” uitlewing van Christenskap gesoek word, hulle ’n manier sal moet vind om die ware krag wat in die evangelie geleë is op ’n egte manier te kommunikeer.

In die kommunikatiewe spanningveld van die retoriese inkleding van die preek is fyn begrip en aanvoeling nodig om te onderskei tussen oortuigingskrag wat op manipulasie berus en ontsluitingskrag wat die waarheid oopmaak. Kunsmatige tegnieke om hoorders gunstig te stem behoort onderskei te word van ’n kommunikatiewe styl waarin die waarheid predikers bevry van selfregverdiging en die hoorder van misleiding(vgl. Polaski, 1999,17).

In die klassieke retorika van Aristoteles word drie *pisteis* (“bewyse”) onderskei waarmee orators rekening behoort te hou in ’n geloofwaardige en oortuigende inkleding van hulle toespraak, naamlik *logos*, *éthos* en *pathos*. Deur die dimensie van *logos* in te bou, word verseker dat die argument ’n logiese gang het. Met *éthos* word die morele karakter van ’n spreker bedoel. Wanneer sprekers se lewe konsekwent korrespondeer met die rigting waarin hulle die hoorders wil lei, het hulle woorde soveel te meer oortuigingskrag. *Pathos* het te doen met die manier waarop hoorders so gestuur word in ’n toespraak dat ’n bepaalde emosionele stemming by hulle opgewek word en hulle gunstig gestem word in die beoordeling van die saak voorhande (Resner, 1999: 19; Thompson, 2001:129). Wanneer die boodskap van die gekruisigde en opgestane Jesus Christus konsekwent verkondig word, sou dit bepaalde implikasies hê vir die manier waarop die gestalte van predikers, hulle karakter en hulle geloofwaardigheid in die retoriese oortuigingsproses betrek word. Ook die motief en gesindheid waarmee gepoog word om die hoorders tot ’n bepaalde stemming te bring, sou op ’n besondere manier bepaal word deur die aard van die boodskap van die kruis. Resner (1999:140) verwoord die invloed van die kruis op die retoriese aanslag van Paulus soos volg: “What is annulled at the cross, then, is not rhetoric as such but its *kata sarka* (“according to the flesh”) enslavement. Without the theological insight that comes *kata stauron* (“according to the cross”), rhetoric cannot be used faithfully, i.e., in a way that accords with the nature of the message of preaching.”

Wanneer die argumentasielyn van Paulus in die tweede Korintiërsbrief nagegaan word, moet daarmee rekening gehou word dat die retoriese styl van sy argumente ingeklee is in die spanningveld van ’n kommunikatiewe situasie waarin sy inkleding van die boodskap van die evangelie en die vergestalting van apostelskap in sy lewe (sy *éthos*) onder verdenking gekom het. Paulus is onder andere implisiet en eksplisiet daarvan beskuldig dat hy die Woord van God vervals en versluier het (2 Kor. 4:2,3); dat hy “manhaftig” is wanneer hy vanaf ’n gerieflike afstand kommunikeer, maar “mak” is in die hoorders se teenwoordigheid (2 Kor. 10:1,10); dat hy uit menslike oorwegings handel (2 Kor. 10:2). Thompson (2001:130) verwoord die uitdaging wat in hierdie situasie gestel word soos volg: “Paul’s challenge is to answer these charges in order to win the Corinthians for his ministry.”

Om ’n impak te maak in ’n situasie waarin opponente ’n aanloklike en goed gemotiveerde alternatief aan die hoorders voorhou, het die potensiaal om in ’n “spogkompetisie” te ontaard. Predikers verkeer in ’n kommunikatiewe spanningveld waarin hulle aan die een kant gedwing word om dit wat op die oog af na sterk argumente lyk op ’n effektiewe manier te weerlê; ’n manier waarin dit duidelik word dat hulle argumente meer gewig dra as dié van die opponente. Maar aan die anderkant kan hulle kragtens die aard van die evangelie nie anders as om op ’n manier te

redeneer waarin hulle eie swakheid na vore kom nie. Hulle moet ’n sterk, oorredende woord spreek, terwyl hulle in niks anders as sy eie swakheid kan roem nie (vgl. Fitzgerald,1988:151). Bosch (1979:39) wys daarop hoe die dilemma waarin Paulus gedwing word, uitloop op ’n retoriese styl wat elemente van ironie bevat: “Paul’s opponents boasted about their superiority and compared themselves with him, just like the Pharisee in the parable. Paul’s reaction to this was counterboast. This is a terribly dangerous game and Paul knew it. He nevertheless felt obliged to refute the sham apostles, not by priding himself, like they did, in his strength, but in his weakness. So he came very near to being a publican in the robes of a Pharisee. The decisive point is, however, that Paul did this with great hesitation and bitter irony. More important, he did this on the basis of the reality of the experience of the grace of Christ in his life and being ‘enlisted in the service of reconciliation’.”

Indien Paulus die oorredingskategorieë van die klassieke retorika volgens menslike kriteria (en nie volgens die kruisstruktuur van die boodskap waaraan hy diensbaar is nie) sou inrig, sou hy sy *éthos* (as persoon in wie se lewe die kragtige aard van die boodskap wat deur hom verkondig word, gesien kan word) op ’n wyse voorstel wat aanklank vind by die verwagtinge van die hoorders en hulle *pathos* op so ’n manier gunstig stem. Vanuit Aristoteles se perspektief sou dit dwaasheid wees om die spreker se geprojekteerde *éthos* opsetlik in konflik te laat kom met die vooroordele van die gehoor: “One could argue that speakers who deliberately project an *éthos* that conflicts with the hearers` dispositions regarding credibility commit nothing less than rhetorical suicide” (Resner, 1999:138).

In Paulus se retoriese inkleding is dit nie die versoenbaarheid van sy selfvoorstelling met die verwagtinge van die hoorders nie, maar die impak van die boodskap van die kruis wat die deurslag gee: “Reverse-*éthos*, then, is a theologically informed rhetorical category which describes the nature and function of the preacher’s person in the rhetorical situation of Christian proclamation. It is designated “reverse” or “ironic” *éthos* to differentiate it from the Aristotelian notion of *éthos* which derives its meaning and function primarily from paying attention to audience expectation for how the speaker is to be deemed credible. Reverse or ironic *éthos* highlights the turn first to the message of Christian proclamation and considers the demands that it exacts on the rhetorical situation” (Resner, 1999:140).

Die “dwase” inhoud van die verkondig van die gekruisigde Christus (wat vir wêreld onsin en swakheid is, vgl. 1 Kor.1:18-31) lei tot ’n “dwase” retoriese styl waarin ’n gestalte van swakheid, groot angs en huiwering (1 Kor.2:3) na vore kom en waarin daar geen sprake is van die oortuigingskrag wat in welsprekendheid geleë is nie(1 Kor.2:4; 2 Kor.11:6; vgl. D`assonville, 1976:10). Fitzgerald (1988:163) vergelyk 2 Korintiërs 2:15-16 met 1 Korintiërs 1 en wys op die manier waarop Paulus die patroon van die kruis op sy eie lewe en bediening toepas: “The scenario of 2:15-16 recalls that found in 1 Cor.1. There Christ is the truth and wisdom of God (1:30), but the response to the message about the cross is mixed. While the ones being saved see it as the power of God, those perishing find it moronic and devoid of wisdom (1:18). The affinity between the two passages suggests that in 2 Cor. 2:15-16 Paul is applying to himself the analysis given the message of the cross in 1 Cor. 1. The message and the messenger are correlated, so that the response given the one matches that given the other.”

Die nuwe lewe wat ontsluit word vir mense wat in die boodskap van die gekruisigde Christus die krag en wysheid van God sien, lê nie in die oorredingsvermoë van predikers of die indrukwekkendheid van hulle gestalte nie. Uit die oopgebuigde gestalte van ’n selfverloënende boodskapper, vloei die krag van die Gees van God ongehinderd voort (vgl. 1 Kor. 2:4). Dit is juis deur die krake van ’n maklik breekbare kleipot dat die lewe van Jesus sigbaar kan word en met oorvloedige krag in die lewe van gelowige hoorders kan invloei (vgl. 2 Kor. 4:7). Predikers tree in hulle swakheid op die agtergrond dat God in sy krag op die voorgrond kan tree (vgl. 2 Kor.12:10).

## 4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In hierdie artikel is die noodsaak van reoriënterende teorievorming oor die integrale plek van die boodskap van die kruis in ’n handelingsteorie vir die homiletiese proses beredeneer. Wanneer die Christologiese kategorie pneumatologies verantwoord word, kan die krag en wysheid wat in die evangelie van die gekruisigde Christus opgesluit is, tot sy volle werking kom in die homiletiese proses. Nuwe handelingsmoontlikhede kan bevrydend ontsluit word in ’n proses wat andersins – weens die spanningveld waarin dit plaasvind – in geslotenheid vasgevang kon wees:

Met die evangelie van die gekruisigde Christus as oriëntasiepunt en hermeneutiese sleutel, sou omgang met die Bybelse teks gekenmerk kon word deur ’n proses waarin eie selfbeskermende geslotenheid afgesterf word en strome van lewende water met bevrydende krag uit die teks kan vloei in die harte van predikers in;

Met die evangelie van die gekruisigde Christus as oriëntasiepunt en hermeneutiese sleutel sou die verhouding met die hoorder nie in die kunsmatigheid van geveinsde belangstelling en oppervlakkige kontak opgesluit bly nie, maar sou predikers vry kon wees om hulle hele lewe vir die hoorders uit te giet en in ’n deelgenootskap met die hoorders tree wat deur lyding heen tot verheerliking lei;

Met die evangelie van die gekruisigde Christus as oriëntasiepunt en hermeneutiese sleutel sou die prediker nie probeer om met eie kreatiwiteit en die krag van eie retoriese oorredingsvermoë nuwe wêrelde vir hoorders te ontsluit en hulle gunstig te probeer stem nie, maar die retoriese struktuur van die eie preekoordrag en die eie homiletiese gestalte in te rig volgens die gestalte van die kruis. Ware kommunikasie van die boodskap van die evangelie (met as inhoud Jesus Christus, die Gekruisigde) is alleen moontlik waar predikers besef dat hulle alleen sterk kan wees, wanneer hulle swak is.

## BIBLIOGRAFIE


Bosch, DJ 1979. *A spirituality of the road*. Scottdale: Herald Press.

Buttrick, D 1987. *Homiletic- Moves and structures*. London: SCM.

Buttrick, D 1994. *A Captive voice- The liberation of preaching*. Louisville: Westminister/John Knox Press.

Chan, MLY 2001. *Christology from within and ahead- Hermeneutics, contingency and the quest for transcontextual criteria in Christology*. Leiden: Brill.

Clowney, EP 2003. *Preaching Christ in all Scripture*. Wheaton: Crossway.

De Wet, FW 2005. Om in die Gees te begin en in eie krag te eindig- die noodsaak van ’n Skrifgefundeerde prakties-teologiese Pneumatologie. *In die Skriflig* 39 (3), 505-525.

D`assonville, VE 1976. *Die dwaasheid om te preek*. Johannesburg: De Jong.

Dingemans, GDJ 1991. *Als hoorder onder de hoorders... Een hermeneutische homiletiek*. Kampen: Kok.

Douma, J 2000. *Veni Creator Spiritus- De meditatie en het preekproces*. Kampen: Kok.

Fitzgerald, JT 1988. *Cracks in an earthen vessel: An examination of the catalogues of hardships in the Corinthian correspondence*. Atlanta: Scholars Press.

Floor,L 1982. *Perspektiewe op die prediking van Paulus*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Greidanus, S 1988. *The modern preacher and the ancient text- Interpreting and preaching Biblical literature*. Leicester: Inter-Varsity.

Heitink,G 1999. *Practical Theology – History. Theory. Action domains*. Grand Rapids: Eerdmans.

Hogan, LL 2005. The individual in relation to public preaching. *Studia Homiletica* 5, 100-108.

Holmén, T 2003. Theodicean motives in the New Testament, 605-651, In: De Moor, JC & Laato, A (reds), *Theodicy in the world of the Bible*. Leiden: Brill.

Klappert, B 1979. Die Gottverlassenheit Jesu und der gekreuzigte Gott - Beobachtungen zum Problem einer theologia crucis in der Christologie der Gegenwart, 57-73, In: Welker, M (red), *Diskussion über Jürgen Moltmanns Buch “Der gekreuzigte Gott.*” München: Kaiser.

Kruger, FP & Venter, CJH 2006. Die prediking van geloofsverantwoordelikheid: Homiletiese perspektiewe vanuit Hebreërs. *In die Skriflig* 21(2), 54-71.

Larsen, DL 1989. *The anatomy of preaching- Identifying the issues in preaching today*. Grand Rapids: Kregel.
Louw, DJ 2000. *Meaning in suffering – A theological reflection on the cross and the resurrection for pastoral care and counselling*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
Louw, DJ 2002. Fides quaerens spes in a practical theological ecclesiology: God and our human quest for meaning and suffering, 39-59, In: Dreyer, JS & Van der Ven, JA. (reds), *Divine justice- Human justice (On the occasion of Hennie Pieterse`s retirement as professor of Practical Theology at the University of South Africa*). Pretoria: Unisa.
Meyer zu Uptrup, K 1986. *Gestalthomiletik – Wie wir heute predigen könnnen*. Stuttgart: Calwer.
Moltmann, J 1974. *The crucified God - The cross of Christ as the foundation and critisicm of Christian Theology*. London: SCM Press.
Mondin, B 1979. Der gekreuzigten Gott, 94-107, In: Welker, M. (red), *Diskussion über Jürgen Moltmanns Buch "Der gekreuzigte Gott."* München: Kaiser.
Morris, L 1965. *The Cross in the New Testament*. Grand Rapids: Eerdmans.
Müller, BA 2002. Liturgical and homiletical revisioning to generate hope for a just society, 197- 214, In: Dreyer, JS & Van der Ven, JA. (reds), *Divine justice- Human justice (On the occasion of Hennie Pieterse`s retirement as professor of Practical Theology at the University of South Africa*). Pretoria: Unisa.
Pieterse, HJC 2005. Hoe kom God aan die Woord in die prediking? – 'n Vaste vertroue op God se beloftes is teologies noodsaaklik. Pieterse, HJC 2005. Hoe kom God aan die Woord in die prediking? - 'n Vaste vertroue op God se beloftes is teologies noodsaaklik. Praktiese Teologie in Suid-Afrika 20(2), 110-128.
Polaski, SH 1999. Paul and the discourse of power. Sheffield: Sheffield Academic Press.
Resner, A 1999. Preacher and cross - Person and message in Theology and Rhetoric. Grand Rapids: Eerdmans.
Thompson, JW 2001. Paul`s argument form pathos in 2 Corinthians, 127-146, In: Olbricht, TH & Sumney, JL (reds), Paul and pathos (Symposium series number 16). Atlanta: Society of Biblical Literature.
Stark, C 2005. Proeven van de preek - Een praktisch-theologisch onderzoek naar de preek als Woord van God . Zoetermeer: Boekencentrum.
Stott, JRW 1986. The cross of Christ. Leicester: Inter-Varsity.
Tolmie, DF. 2003. Die waarheid van die evangelie - Riglyne vir die prediking van Galasiërs 2:11-21. NGTT 44(1&2), 161-170.
Van Pelt, JW 1999. Pastoraat in trinitarisch perspectief: die samehang tussen trinitarische en antropologisce aspecten in het pastoraat. Heerenveen: Groen.
Van Ruler, AA 1969. Theologisch werk. (Deel 1). Nijkerk: Callenbach.
Vos, CJA 2005. Theopoetry of the Psalms . Pretoria: Protea Book House.

**TREFWOORDE**
Die kruis van Jesus Christus
Oriëntasiepunt
Hermeneutiese sleutel
Homiletiese proses

**KEY WORDS**
The cross of Jesus Christ
Point of orientation
Hermeneutical key
Homiletic process

**KONTAKBESONDERHEDE**
Dr FW de Wet
Praktiese Teologie
Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)
Potchefstroom
Tel.: 018 299 1591
Sel: 084 245 2830
E-pos: fritz.dewet@nwu.ac.za